10. Die **KOPER** betaal op aanvraag aan die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS**:

10.1 alle koste in verband met die opstel en ondertekening van die **OOREENKOMS** en alle opwagtinge in

verband daarmee;

10.2 die hereregte wat gehef mag word op die koopprys ingevolge die bepalings van die ***Wet op Hereregte Nr 40 van 1949***, soos gewysig, indien hereregte wel betaalbaar mag wees;

10.3 alle transportfooie en uitgawes;

10.4 Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) bereken op die koste betaalbaar ingevolge die bepalings van Klousule 10.1 en 10.4.

10.5 Welke kostes ookal soos versoek van die OORDRAGGEWENDE PROKUREURS.

**DATUM VAN TRANSPORT**

11.1 Die transport sal gepasseer word sodra die koste vermeld in klousule 10 hierbo en alle heffings ten volle betaal en die koopprys, sowel as die rente daarop, ten volle gewaarborg of betaal is, of verbande (indien enige) vir die balans van die koopprys gereël is.

11.2 Die **PARTYE** kom ooreen om op skriftelike versoek van die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** alle dokumente te onderteken en alle ander handelinge te verrig wat volgens die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** nodig mag wees ten einde die registrasie van oordrag van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER** so spoedig as moontlik te laat geskied en om andersins uitvoering te gee aan die bepalings van die ooreenkoms.

**TITELVOORWAARDES**

12.1 Die **EIENDOM** word verkoop soos dit beskryf word in die bestaande of enige titelbewys daarvan en onderworpe is aan al die voorwaardes, beperkings en serwitute (indien enige) daarin vermeld en waarna verwys word.

12.2 Die **VERKOPER** sal nie aanspreeklik wees vir enige tekort indien die **EIENDOM** weer opgemeet word nie, maar sal ook nie enige voordeel trek indien daar 'n surplus is nie.

**VOETSTOOTS**

13.1 Die **KOPER** erken hiermee dat hy die **EIENDOM** besigtig het, tevrede is daarmee en dit voetstoots

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer,
S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen,
DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

koop.

13.2 Die **KOPER** verbind hom verder hiermee en verklaar dat hy nie geregtig sal wees om enige aksie voortspruitend uit die **OOREENKOMS** in te stel teen die **VERKOPER**, of sy Agent, vir enige gebrek (hetsy sigbaar of verborge) aan die **EIENDOM** of die verbeteringe daarop, of vanweë enige voorstellinge of waarborg deur die **VERKOPER** of sy Agent in verband met die **EIENDOM** gemaak nie.

**JURISDIKSIE**

14. Die **PARTYE** stem hiermee toe tot die jurisdiksie van enige bevoegde Suid-Afrikaanse Hof vir enige aksie wat uit die **OOREENKOMS** mag voortvloei.

**DOMICILIUM**

15. KENNISGEWINGS EN *DOMICILIUM*

15.1 Die partye kies hiermee as hulle onderskeie *domicilium citandi et executandi* vir die doeleindes van enige regsproses en vir die doeleindes van die gee of versending van enige kennisgewing ingevolge die bepalings van hierdie ooreenkoms, die volgende adresse:

Die VERKOPER

| Fisiese adres | Posadres | e-pos |
|---|---|---|
| Dan Pienaarstraat 19 | Posbus 96 | regsdienste@ovk.co.za (regskennisgewings) |
| Ladybrand | Ladybrand | amandav@ovk.co.za (korrespondensie) |
| 9745 | 9745 | |

Die KOPER

| Fisiese adres | Posadres | e-pos |
|---|---|---|
| ____________________ | ____________________ | ______________________ |
| ____________________ | ____________________ | |
| ____________________ | ____________________ | |

Op voorwaarde dat 'n party van tyd tot tyd enige van sy adresse kan verander na 'n ander fisiese adres, posadres of e-pos, binne die Republiek van Suid-Afrika deur aan die ander party skriftelik kennis te gee van sodanige

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer,
S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen,
DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

verandering. Sodanige verandering van adres sal van krag wees sewe dae na ontvangs van kennisgewing van wysiging van domicilium.

15.2 Alle kennisgewing gegee in terme van hierdie ooreenkoms, sal skriftelik wees en sal:

15.2.1 indien per hand afgelewer word gedurende normale besigheidsure, geag sal word ontvang te gewees het op die datum van aflewering;

15.2.2 indien gestuur per e-pos voor 16:30 op enige besigheidsdag geag ontvang te gewees het op die datum waarop die versending daarvan suksesvol geskied het. Enige e-pos gestuur na 16:30 of op 'n dag wat nie 'n besigheidsdag is nie, sal dit geag word ontvang te gewees het op die daaropvolgende besigheidsdag.

**KONTRAKBREUK**

16.1 In geval die **KOPER** versuim om op die vervaldatum enige van die terme of voorwaardes van die **OOREENKOMS** na te kom sal die **VERKOPER** of sy agent die reg hê om na 14 (VEERTIEN) dae skriftelike kennisgewing om die terme of voorwaardes na te kom,

16.1.1 die **OOREENKOMS** te kanselleer deur kennis te gee aan die **KOPER**, waarna die **KOPER** alle bedrae betaal aan die **VERKOPER** of sy agent in terme hiervan sal verbeur sonder benadeling van die **VERKOPER** se ander regte en remedies en die reg om skadevergoeding te eis.

**OF**

16.1.2 om onmiddellike betaling van die koopprys en die voldoening aan al die terme en voorwaardes van die **OOREENKOMS** te eis.

16.2 In geval van kansellasie van die **OOREENKOMS** ingevolge die bepalings van Klousule 16.1.1 sal die **VERKOPER** geregtig wees om onmiddellik herbesit van die **EIENDOM** te neem en om die **KOPER** of enige okkupeerder wat sy regte verkry het van die **KOPER** onmiddellik die **EIENDOM** te laat ontruim.

16.3 Indien die **VERKOPER** dit vereis, moet die **KOPER** enige voltooide en/of onvoltooide gebou of strukture of ander roerende bates van die **KOPER** vanaf die **EIENDOM** op sy koste verwyder en die **EIENDOM** verder netjies maak op sy koste en wel tot bevrediging van die **VERKOPER**.

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer, S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

16.4 Die **KOPER** sal geen reg van verhaal teen die **VERKOPER** hê ten aansien van enige verbeterings deur hom aangebring aan die **EIENDOM** nie en sal verder ook geen retensie reg op sodanige verbeterings hê nie.

16.5 Die **KOPER** onderneem verder hiermee om alle regskoste (op die skaal soos tussen prokureur- en eie kliënt) hoegenaamd wat deur die **VERKOPER** aangegaan mag word in verband met enige stappe wat die **VERKOPER** teen die **KOPER** mag instel in verband met of voortspruitend uit die **OOREENKOMS** insluitende invorderingskoste teen 10 % (tien persent) op enige kapitale bedrag en koste voor of na vonnis te betaal, plus rente daarop bereken ooreenkomstig die koers soos vermeld in klousule 17.

**RENTE OP LAAT BETALINGS**

17.1 Indien die **KOPER** versuim om enige bedrag ingevolge die **OOREENKOMS** op die vervaldatum daarvan te betaal, dra sodanige bedrag vir die tydperk wat die **KOPER** in verstek is, rente teen 'n koers gelykstaande aan OVK Verstek Rente (prima-uitleenkoers, soos van tyd tot tyd vasgestel, plus 8%).

17.2 Die gemelde rente daagliks bereken te word en maandeliks gekapitaliseer en verder sal rente op aanvraag betaalbaar wees deur die **KOPER**.

**AGENTEKOMMISSIE**

18. Die **KOPER** vrywaar die **VERKOPER** van betaling van enige agente kommissie hoegenaamd indien enige agent te enige tyd sou aanspraak maak op betaling van agente kommissie deur die **VERKOPER**.

**MEERDERE PARTYE**

19. Indien die **KOPER** meer as een (1) persoon is, sal al die **PARTYE** wat tot die **OOREENKOMS** dan optree as **KOPER** wat die geval mag wees, gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik wees vir die behoorlike vervulling van hulle respektiewelike verpligtinge onder die **OOREENKOMS** en doen die **PARTYE** hiermee afstand van die voordele voortspruitend uit die regseksepsies ***de duobus vel pluribus reis debendi***.

**ELEKTRIESE INSTALLASIE**

20.1 Die **KOPER** sal die vereiste sertifikaat van nakoming soos bepaal in die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 of 1993 en die Elektriese Installasie Regulasie 2009 en verder indien van toepassing die

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer,
S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen,
DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

Elektriese Masjinerie Regulasie 2011, verkry en aan die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** oorhandig voor of op datum van registrasie van transport.

20.2 Indien die elektriese installasie foutief is op die **EIENDOM** sal die **KOPER** op sy koste die elektriese installasie laat herstel ten einde die vereiste sertifikaat aan die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** te lewer.

GETEKEN te _______________ op hede die ______ dagvan _______________ 20___

AS GETUIES :

1. __________________________

2. __________________________

__________________________

KOPER

GETEKEN te _____________ op hede die ______ dag van __________________ 20___

AS GETUIES:

1. __________________________

2. __________________________

__________________________

VERKOPER

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer,
S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen,
DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

**OOS VRYSTAAT KAAP** Bedryf Bpk. Operations Ltd.
SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE
Reg. 1999/004069/06 | FSP Nr. 909 | NCRCP619

**Hoofkantoor/Head Office**
Dan Pienaarstraat/St 19
Ladybrand 9745

Posbus/PO Box 96,
Ladybrand 9745

Tel: 051 923 4500
E-pos/Email: klantediens@ovk.co.za
clientservices@ovk.co.za

**Streekkantore/Regional Offices**
Bloemfontein 051 247 5017
Burgersdorp 051 653 1855
Cradock 048 881 3484
Ficksburg 051 933 7662
Hopetown 053 203 9200
Port Elizabeth 041 406 7500

Webwerf/Web Site: https://www.ovk.co.za
Facebook: https://www.facebook.com/ovkgroep

# TENDERKENNISGEWING

## VERKOOP VAN ERF 1151 Barkly-Oos

**1. BESKRYWING VAN DIE EIENDOM**

1.1 Die Eiendom wat hiermee op tender geplaas word is Erf 1151, geleë te Whitestraat, Barkly-Oos.

1.2 Die Eiendom sluit alle verbeteringe wat tans op die Eiendom is in.

1.3 Vir verdere besonderhede oor bostaande Eiendom, sien die foto's hierby aangeheg as **Aanhangsel A**.

**2. RESERWEPRYS**

Die tender is onderhewig aan 'n reserweprys van R200 000.00 (twee honderd duisend rand), BTW uitgesluit.

**3. TOESTAND EN KWALITEIT**

Die Eiendom word voetstoots verkoop.

**4. REGSPERSONE**

Indien 'n potensiële koper 'n regspersoon is, moet alle direkteure / trustees / lede / vennote, 'n volmag op aanvraag verskaf.

**5. TENDERDOKUMENTASIE**

5.1 Slegs tenders wat op die voorgeskrewe tenderdokument voltooi is, sal oorweeg word. Sodanige dokument kan aangevra word van Amanda Vorster (amandav@ovk.co.za / 082 556 2227)

5.2 Voltooide tenders kan ge-epos word aan regsdienste2@ovk.co.za of ingedien word by die tenderboks te OVK Hoofkantoor geleë te 19 Dan Pienaar Rylaan, Ladybrand en moet duidelik gemerk wees "TENDER ERF 1151 Barkly-Oos";

5.3 Sodanige tenders moet voor 30 Oktober 2026 om 17h00 ingedien word;

5.4 Die hoogste en/of enigste tender sal nie noodwendig aanvaar word nie, sonder opgaaf van redes;

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer, S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

5.5 Die aanbod wat aanvaar word sal skriftelik bevestig word per e-pos op/na 13 November 2026;

## 6. VOORAF BESIGTING

Indien u die Eiendom vooraf wil besigtig, kontak gerus vir Amanda Vorster (amandav@ovk.co.za / 082 556 2227) of Edwin Brand (edwinb@ovk.co.za / 082 385 3666).

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer, S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

# Aanhangsel A:






Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer, S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)




Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer,
S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen,
DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

OOS VRYSTAAT KAAP Bedryf Bpk. Operations Ltd.
SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE
Reg. 1999/004069/06 | FSP Nr. 909 | NCRCP619

Hoofkantoor/Head Office
Dan Pienaarstraat/St 19
Ladybrand 9745

Posbus/PO Box 96,
Ladybrand 9745

Tel: 051 923 4500
E-pos/Email: klantediens@ovk.co.za
clientservices@ovk.co.za

Streekkantore/Regional Offices
Bloemfontein 051 247 5017
Burgersdorp 051 653 1855
Cradock 048 881 3484
Ficksburg 051 933 7662
Hopetown 053 203 9200
Port Elizabeth 041 406 7500

Webwerf/Web Site: https://www.ovk.co.za
Facebook: https://www.facebook.com/ovkgroep

# TENDER VERKOOP VAN ERF 1151 BARKLY-OOS

Ek, die ondergetekende, ______________________________________________
(volle name en van / naam van regspersoon)

Identiteitsnommer / registrasienommer ______________________________________

Fisiese adres ______________________________________________

Posadres ______________________________________________

Kontaknommer ______________________________________________

E-pos adres ______________________________________________

tender hiermee op die Eiendom bekend as Erf 1151 Barkly-Oos soos uiteengesit in die Koopkontrak hierby aangeheg.

***Nota: Voornemende Koper moet:***

*1.1 sy/haar naam in klousule 1.1 van die aangehegte koopkontrak voltooi, en ingeval van 'n regspersoon ook in klousule 1.1 aandui wie die regspersoon verteenwoordig.*

*1.2 die koopsom in klousule 4.1 van die aangehegte koopkontrak voltooi.*

*1.3 sy/haar domicilium besonderhede in klousule 15.1 van die koopkontrak voltooi.*

*1.4 elke bladsy van die tenderdokument saam met twee getuies parafeer en op die laaste bladsy onderteken, waar aangedui word dat die koper en sy/haar getuies moet teken.*

*1.5 verseker dat by sy/haar tender aangeheg is, 'n aanvaarbare skriftelike bewys deur 'n Suid Afrikaanse handelsbank, waarin bevestig word dat finansiering onvoorwaardelik ter vereffening van die tender bedrag plus BTW, toegestaan is en dat die betrokke bank, 'n waarborg, vir betaling van die koopsom binne 21 dae vanaf aanvaarding van tender, sal uitreik.*

*1.6 in gevalle van regspersone- 'n volledig getekende resolusie verskaf waarin bevestig word dat die ondertekenaar gemagtig is om te tender namens die regspersoon te voltooi en onderteken.*

# KOOPKONTRAK

**DIE PARTYE**

1. Die **PARTYE** tot die **OOREENKOMS** is:

1.1 _________________________________________________________________ volle naam van persoon of regspersoon (in geval van 'n regspersoon, hierin verteenwoordig deur ________________________________________ in sy hoedanigheid as ______________________, behoorlik daartoe gemagtig en handelende kragtens resolusie) Identiteitsnommer / Registrasienommer van persoon / regspersoon: __________________________________________________________

- en -

1.2 **OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK Registrasienommer 1999/004069/06** hierin verteenwoordig deur Stefan Oberholzer in sy hoedanigheid as Besturende Direkteur en behoorlik daartoe gemagtig

**ALGEMEEN**

2.1 **Omskrywing**

In die **OOREENKOMS** tensy die teendeel duidelik uit die samehang blyk, sluit die enkelvoud die meervoud in en omgekeerd, dui enige verwysing na enige geslag ook die ander geslagte aan, sluit enige verwysing na natuurlike persone regspersone in en omgekeerd en het die woorde in die eerste kolom die betekenis aangegee in die tweede kolom, naamlik:-

| | | |
|---|---|---|
| 2.1.1 | die **VERKOPER** | Die **PARTY** vermeld in Klousule 1.2; |
| 2.1.2 | die **KOPER** | Die **PARTY** vermeld in Klousule 1,1; |
| 2.1.3 | die **EIENDOM** | **Erf 1151 Barkly-Oos** (535.000 vierkante meter) |
| 2.1.4 | die **PARTYE** | 'n Kollektiewe verwysing na die **KOPER** en **VERKOPER** en beteken "'n **PARTY"** een van hulle; |
| 2.1.5 | 'n **DAG** | Enige dag van die week, maar sluit nie Sondae en Suid-Afrikaanse Openbare Vakansiedae in nie; |
| 2.1.6 | die **OORDRAGGE-WENDE PROKUREUR** | **Du Toit, Louw & Botha Ing, Ficksburg;** |

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer, S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

2.1.7 die **OOREENKOMS** verwys na hierdie ooreenkoms, tesame emt enige aanhangsels.

2.1.8 die **ONDERTEKENINGS-DATUM** Die datum van ondertekening van die **OOREENKOMS** deur die **PARTY** wat laaste teken.

2.2 **Verslapping**

Geen verlening van tyd of ander toegewing wat deur die **VERKOPER** aan die **KOPER** toegestaan mag word, sal beskou word dat dit afbreuk doen aan enige van die regte van die **VERKOPER** kragtens die **OOREENKOMS** nie, of dat dit sodanige regte enigsins beïnvloed of benadeel nie.

2.3 **Uitsluiting van ander afsprake**

Die **OOREENKOMS** kanselleer en vervang alle kontrakte aangegaan tussen die **PARTYE** voor datum hiervan en geen wysiging, aanvullings of ooreengekome kansellasie van die **OOREENKOMS** sal van krag wees tensy dit op skrif gestel en deur die **PARTYE** onderteken is nie.

2.4 **Opskrifte van die klousules**

Die opskrifte van die klousules van die **OOREENKOMS** is alleen vir verwysingsdoeleindes aangebring en sal nie die uitleg van die **OOREENKOMS** beïnvloed nie.

**VERKOOP**

3. Die **VERKOPER** verkoop hiermee aan die **KOPER** wie hiermee die **EIENDOM** koop op die terme en voorwaardes soos uiteengesit in die **OOREENKOMS**.

**KOOPPRYS**

4.1 Die koopprys van die **EIENDOM** is die som van R___________________________(bedrag in woorde _______________________________________________) plus Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW).

4.2 Ter versekering vir die betaling van die koopprys vermeld in Klousule 4.1 sowel as die besitsrente soos na verwys in klousule 6, onderneem en verbind die **KOPER** homself daartoe om 'n waarborg deur 'n

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer,
S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen,
DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

finansiële instelling te laat uitreik ten gunste van die **VERKOPER** of sy genomineerde welke waarborg tot bevrediging van die **VERKOPER** en/of die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** moet wees.

4.3 Die **KOPER** sal die koste van die waarborg betaal.

4.4 Gemelde waarborg moet betaalbaar wees teen registrasie van transport van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER** en moet in die hande geplaas word van die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** binne 21 (EEN EN TWINTIG) dae na aanvraag daarvan.

4.5 Alle betalings in terme van die **OOREENKOMS** sal vry van wisselkoers of enige aftrekkings geskied te sodanige adres as wat die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** mag bepaal.

**BESIT EN RISIKO**

5.1 Die **KOPER** sal in besit en okkupasie van die **EIENDOM** geplaas word op datum van registrasie in die akte kantoor, vanaf welke datum die eiendom in alle opsigte die risiko en verantwoordelikheid van die **KOPER** sal wees tensy daar skriftelik andersins ooreengekom is tussen die **PARTYE**.

5.2 Indien die **EIENDOM** of enige gedeelte daarvan deur 'n brand of ander oorsaak hoegenaamd gedeeltelik of in geheel vernietig of beskadig word, voordat die risiko aldus oorgegaan het, sal die **KOPER** geen eis teen die **VERKOPER** hê as gevolg van enige tydelike of permanente verlies van die gebruik van die **EIENDOM** nie, maar sal die **VERKOPER** geregtig wees om òf enige sodanige skade op eie koste te herstel òf die **OOREENKOMS ab initio** te kanselleer met herstelling van die **status quo ante.**

**BESITRENTE**

6. Indien die datum van besit nie ooreenkom met die datum van transport nie, sal die **PARTY** wat besit geniet van die **EIENDOM** terwyl dit geregistreer is in naam van die ander **PARTY** as teenprestasie daarvan en vir die duur van sodanige besit, besitrente betaal, welke besitsrente:

6.1 betaalbaar sal wees maandeliks of pro rata tot datum van registrasie;

6.2 die bedrag van voormelde besitrente sal gelykstaande wees aan 10% rente per jaar op die koopsom, betaalbaar vanaf datum van besitname tot datum van registrasie van **TRANPORT** van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER.**

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer, S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

**UITGAWES**

7.1 Die **KOPER** sal vanaf datum van besit vermeld in klousule 5.1 verantwoordelik wees vir alle uitgawes ten opsigte van die **EIENDOM** ingeslote erfbelasting, versekeringpremie, water- en elektrisiteit gelewer aan die **EIENDOM** indien van toepassing.

7.2 Indien die **VERKOPER** enige bedrag aan die Plaaslike Owerheid met betrekking tot erfbelasting, heffings, ensomeer vooruitbetaal het, sal die **KOPER** ‘n proporsionele terugbetaling aan die **VERKOPER** doen indien van toepassing.

**VERBETERINGS**

8.1 Die **KOPER** sal -

8.1.1 nie geregtig sal wees om voor datum van registrasie van transport in sy naam enige veranderings of verbeterings aan die **EIENDOM** aan te bring sonder skriftelike toestemming van die **VERKOPER** nie.

8.1.2 die **EIENDOM** te alle tye in dieselfde toestand van goeie herstel moet hou tot datum van registrasie van transport of teruglewering van die **EIENDOM** aan die **VERKOPER** as gevolg van die kansellasie van die **OOREENKOMS** vir watter rede ookal.

8.2 Indien die **EIENDOM** nie in dieselfde toestand van goeie herstel gehou word volgens die uitsluitlike diskresie van die **VERKOPER** nie sal die **VERKOPER** geregtig wees om sonder kennisgewing aan die **KOPER**, die **EIENDOM** te herstel en die herstelkoste van die **KOPER** te verhaal.

**REGISTRASIE VAN TRANSPORT**

9. Die **PARTYE** benoem hiermee die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** om toe te sien tot registrasie van transport in die naam van die **KOPER**.

**REGSKOSTE**

10. Die **KOPER** betaal op aanvraag aan die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS**:

10.1 alle koste in verband met die opstel en ondertekening van die **OOREENKOMS** en alle opwagtinge in

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer,
S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen,
DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

verband daarmee;

10.2 die hereregte wat gehef mag word op die koopprys ingevolge die bepalings van die ***Wet op Hereregte Nr 40 van 1949***, soos gewysig, indien hereregte wel betaalbaar mag wees;

10.3 alle transportfooie en uitgawes;

10.4 Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) bereken op die koste betaalbaar ingevolge die bepalings van Klousule 10.1 en 10.4.

10.5 Welke kostes ookal soos versoek van die OORDRAGGEWENDE PROKUREURS.

**DATUM VAN TRANSPORT**

11.1 Die transport sal gepasseer word sodra die koste vermeld in klousule 10 hierbo en alle heffings ten volle betaal en die koopprys, sowel as die rente daarop, ten volle gewaarborg of betaal is, of verbande (indien enige) vir die balans van die koopprys gereël is.

11.2 Die **PARTYE** kom ooreen om op skriftelike versoek van die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** alle dokumente te onderteken en alle ander handelinge te verrig wat volgens die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** nodig mag wees ten einde die registrasie van oordrag van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER** so spoedig as moontlik te laat geskied en om andersins uitvoering te gee aan die bepalings van die ooreenkoms.

**TITELVOORWAARDES**

12.1 Die **EIENDOM** word verkoop soos dit beskryf word in die bestaande of enige titelbewys daarvan en onderworpe is aan al die voorwaardes, beperkings en serwitute (indien enige) daarin vermeld en waarna verwys word.

12.2 Die **VERKOPER** sal nie aanspreeklik wees vir enige tekort indien die **EIENDOM** weer opgemeet word nie, maar sal ook nie enige voordeel trek indien daar 'n surplus is nie.

**VOETSTOOTS**

13.1 Die **KOPER** erken hiermee dat hy die **EIENDOM** besigtig het, tevrede is daarmee en dit voetstoots

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer,
S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen,
DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

koop.

13.2 Die **KOPER** verbind hom verder hiermee en verklaar dat hy nie geregtig sal wees om enige aksie voortspruitend uit die **OOREENKOMS** in te stel teen die **VERKOPER**, of sy Agent, vir enige gebrek (hetsy sigbaar of verborge) aan die **EIENDOM** of die verbeteringe daarop, of vanweë enige voorstellinge of waarborg deur die **VERKOPER** of sy Agent in verband met die **EIENDOM** gemaak nie.

**JURISDIKSIE**

14. Die **PARTYE** stem hiermee toe tot die jurisdiksie van enige bevoegde Suid-Afrikaanse Hof vir enige aksie wat uit die **OOREENKOMS** mag voortvloei.

**DOMICILIUM**

15. KENNISGEWINGS EN *DOMICILIUM*

15.1 Die partye kies hiermee as hulle onderskeie *domicilium citandi et executandi* vir die doeleindes van enige regsproses en vir die doeleindes van die gee of versending van enige kennisgewing ingevolge die bepalings van hierdie ooreenkoms, die volgende adresse:

Die VERKOPER

| Fisiese adres | Posadres | e-pos |
|---|---|---|
| Dan Pienaarstraat 19 | Posbus 96 | regsdienste@ovk.co.za (regskennisgewings) |
| Ladybrand | Ladybrand | amandav@ovk.co.za (korrespondensie) |
| 9745 | 9745 | |

Die KOPER

| Fisiese adres | Posadres | e-pos |
|---|---|---|
| ____________________ | ____________________ | ______________________ |
| ____________________ | ____________________ | |
| ____________________ | ____________________ | |

Op voorwaarde dat 'n party van tyd tot tyd enige van sy adresse kan verander na 'n ander fisiese adres, posadres of e-pos, binne die Republiek van Suid-Afrika deur aan die ander party skriftelik kennis te gee van sodanige

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer, S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

verandering. Sodanige verandering van adres sal van krag wees sewe dae na ontvangs van kennisgewing van wysiging van domicilium.

15.2 Alle kennisgewing gegee in terme van hierdie ooreenkoms, sal skriftelik wees en sal:

15.2.1 indien per hand afgelewer word gedurende normale besigheidsure, geag sal word ontvang te gewees het op die datum van aflewering;

15.2.2 indien gestuur per e-pos voor 16:30 op enige besigheidsdag geag ontvang te gewees het op die datum waarop die versending daarvan suksesvol geskied het. Enige e-pos gestuur na 16:30 of op 'n dag wat nie 'n besigheidsdag is nie, sal dit geag word ontvang te gewees het op die daaropvolgende besigheidsdag.

**KONTRAKBREUK**

16.1 In geval die **KOPER** versuim om op die vervaldatum enige van die terme of voorwaardes van die **OOREENKOMS** na te kom sal die **VERKOPER** of sy agent die reg hê om na 14 (VEERTIEN) dae skriftelike kennisgewing om die terme of voorwaardes na te kom,

16.1.1 die **OOREENKOMS** te kanselleer deur kennis te gee aan die **KOPER**, waarna die **KOPER** alle bedrae betaal aan die **VERKOPER** of sy agent in terme hiervan sal verbeur sonder benadeling van die **VERKOPER** se ander regte en remedies en die reg om skadevergoeding te eis.

**OF**

16.1.2 om onmiddellike betaling van die koopprys en die voldoening aan al die terme en voorwaardes van die **OOREENKOMS** te eis.

16.2 In geval van kansellasie van die **OOREENKOMS** ingevolge die bepalings van Klousule 16.1.1 sal die **VERKOPER** geregtig wees om onmiddellik herbesit van die **EIENDOM** te neem en om die **KOPER** of enige okkupeerder wat sy regte verkry het van die **KOPER** onmiddellik die **EIENDOM** te laat ontruim.

16.3 Indien die **VERKOPER** dit vereis, moet die **KOPER** enige voltooide en/of onvoltooide gebou of strukture of ander roerende bates van die **KOPER** vanaf die **EIENDOM** op sy koste verwyder en die **EIENDOM** verder netjies maak op sy koste en wel tot bevrediging van die **VERKOPER**.

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer,
S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen,
DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

16.4 Die **KOPER** sal geen reg van verhaal teen die **VERKOPER** hê ten aansien van enige verbeterings deur hom aangebring aan die **EIENDOM** nie en sal verder ook geen retensie reg op sodanige verbeterings hê nie.

16.5 Die **KOPER** onderneem verder hiermee om alle regskoste (op die skaal soos tussen prokureur- en eie kliënt) hoegenaamd wat deur die **VERKOPER** aangegaan mag word in verband met enige stappe wat die **VERKOPER** teen die **KOPER** mag instel in verband met of voortspruitend uit die **OOREENKOMS** insluitende invorderingskoste teen 10 % (tien persent) op enige kapitale bedrag en koste voor of na vonnis te betaal, plus rente daarop bereken ooreenkomstig die koers soos vermeld in klousule 17.

**RENTE OP LAAT BETALINGS**

17.1 Indien die **KOPER** versuim om enige bedrag ingevolge die **OOREENKOMS** op die vervaldatum daarvan te betaal, dra sodanige bedrag vir die tydperk wat die **KOPER** in verstek is, rente teen 'n koers gelykstaande aan OVK Verstek Rente (prima-uitleenkoers, soos van tyd tot tyd vasgestel, plus 8%).

17.2 Die gemelde rente daagliks bereken te word en maandeliks gekapitaliseer en verder sal rente op aanvraag betaalbaar wees deur die **KOPER**.

**AGENTEKOMMISSIE**

18. Die **KOPER** vrywaar die **VERKOPER** van betaling van enige agente kommissie hoegenaamd indien enige agent te enige tyd sou aanspraak maak op betaling van agente kommissie deur die **VERKOPER**.

**MEERDERE PARTYE**

19. Indien die **KOPER** meer as een (1) persoon is, sal al die **PARTYE** wat tot die **OOREENKOMS** dan optree as **KOPER** wat die geval mag wees, gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik wees vir die behoorlike vervulling van hulle respektiewelike verpligtinge onder die **OOREENKOMS** en doen die **PARTYE** hiermee afstand van die voordele voortspruitend uit die regseksepsies ***de duobus vel pluribus reis debendi***.

**ELEKTRIESE INSTALLASIE**

20.1 Die **KOPER** sal die vereiste sertifikaat van nakoming soos bepaal in die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 of 1993 en die Elektriese Installasie Regulasie 2009 en verder indien van toepassing die

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer,
S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen,
DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

Elektriese Masjinerie Regulasie 2011, verkry en aan die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** oorhandig voor of op datum van registrasie van transport.

20.2 Indien die elektriese installasie foutief is op die **EIENDOM** sal die **KOPER** op sy koste die elektriese installasie laat herstel ten einde die vereiste sertifikaat aan die **OORDRAGGEWENDE PROKUREURS** te lewer.

GETEKEN te _______________ op hede die ______ dagvan _______________ 20___

AS GETUIES :

1. ___________________________

2. ___________________________

___________________________

KOPER

GETEKEN te _____________ op hede die ______ dag van __________________ 20___

AS GETUIES:

1. ___________________________

2. ___________________________

___________________________

VERKOPER

Direkteure/Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ van Zyl (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), QA de Bruyn, JG Fick, DH le Roux, M Meyer,
S Oberholzer (Besturend/Managing), JG Potgieter, JZ Scheepers, JJ Swanepoel, JA van Zyl, SO Vermeulen,
DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)